

Administratiewe Sensuur

Pragmaties kan en moet aanvaar word dat geen moderne samelewingstruktuur sonder die toepassing in mindere of meerdere mate van die vertroulikheidsbeginsel bestuur kan word nie. In 'n verband selfs so klein soos die huisgesin is daar bepaalde aangeleenthede waaroor die lede van die gesin na buite volstrek te stilswe bewaar. Hoe ver ook al in die verlede teruggeskou word, is daar nêrens aanduidinge dat die vertroulikheidsbeginsel in die menslike geskiedenis nie bestaan het nie. Dit het klaarblyklik saam met die familie-organisasie onafskeidbaar deel van die staatsorganisasie geword.

Prinsipieel berus die vertroulikheidsbeginsel op die wysgerig-juridiese begrip soewereiniteit in eie kring. In die Christelike Encyclopedie skryf dr. D.J. Dengerink in hierdie verband: „Zonder dat de term als zodanig nog gebruik wordt, vindt men daarvoor reeds aanknopingspunten in het denken over ~~de~~ <sup>het</sup> sociale leven van rechts- en staatsgeleerden als o.m. Althusius, Stahl en Groen van Prinsterer. Het is echter eerst dr. A. Kuyper geweest, die het beginsel der soevereiniteit in zijn volle kosmische betekenis heeft gegrepen, terwijl de hoogl. dr. H. Dooyeweerd en dr. D.H.Th. Vollenhoven daaraan een brede uitwerking hebben gegeven binne <sup>m</sup> het kader van de door hen ontwikkelde Calvinistische wijsbegeerte, die onder de naam van ‚Wijsbegeerte der wetsidee‘ de geschiedenis is ingegaan”.<sup>(1)</sup>

Oor die toepassing van hierdie beginsel op die menslike samelewing skryf Dengerink: „Ook in het menselijk leven treft men constante typen van samenlevingsverhoudingen aan, die aan een orde van eigen aard zijn onderworpen. Het gezin is naar zijn aard onderscheiden van het economisch bedrijf, het bedrijf van een universiteit enz. Al de samenlevingskringen van de (moderne) samenleving hebben naar Calvinistische overtuiging krachtens het beginsel der soevereiniteit hun eigenaardige, bovenwillekeurige, innerlijke orde, hun eigen wetmatigheid, hun eigen oorspronkelijk gezag en werkterrein.”<sup>(2)</sup>

Dat hierdie beginsel ook die ware politieke vryheid ten grondslag lê, blyk uit die volgende stelling van Dengerink: „In Calvinistische kring is het beginsel der soevereiniteit aanvankelik vooral gehanteerd in de strijd tegen overmatig ingrijping van de staatsoverheid in het niet-staatkundig leven.”<sup>(3)</sup>

(1) Christelike Encyclopedie, Tweede Druk, Kampen, 1961, Band VI, p. 211.

(2) Ibid.

(3) Ibid.

'n Uitvoerige bespreking van hierdie vraagstuk is in die samehang van hierdie hoofstuk sowel onnodig as onwenslik, aangesien daarvoor 'n indrukwekkende bronnelys beskikbaar is.<sup>(4)</sup>

Aangesien die begrip soewereiniteit in eie kring deur Dengerink in die aanhaling hierbo met vryheid in verband gebring word, ook die politieke vryheid van onderdaan jeens staat, is dit miskien wenslik om vas te stel wat „vryheid“ impliseer. Dit spreek vanself dat alle omskrywinge van en teorieë oor die vryheid hier onmoontlik bespreek kan word en daarom word volstaan met die omskrywing van vryheid in die Christelike Encyclopedie deur prof. G. Brillenburg Wurth. Hy skryf:<sup>(5)</sup> „Vrijheid betekent negatief allereerst afwezigheid van dwang. Dwang houdt altijd een inbreuk op de vrijheid in. Hoe meer dwang, hoe minder vrijheid. Positief zit in vrijheid in elk geval iets van zelfbepaling. Als zodanig is vrijheid iets specifiek menselijks. In de natuur komt vrijheid niet voor. Alleen de mens kent vrijheid, want slechts voor de mens geldt, dat hij maar niet van buitenaf door allerlei bepaald wordt, maar in staat is van binnenuit zichzelf te bepalen. Men noemt dat ook wel kiesvrijheid, want het gaat hier om een vrij zijn om iets te doen of iets te laten, dit te doen of dat te doen. Deze vrijheid heeft echter geen inhoud: ze draagt slechts een formeel karakter. De echte vrijheid draagt altijd een materieel karakter. Ze is maar niet een vrijheid v a n, maar een vrijheid t o t ; d.w.z. ze is op een bepaalde waarde gericht. En waarlijk vrij is een mens alleen, als die waarde waarop zijn vrijheid gericht is er een is, die bij zijn eigenlijk mens-zijn behoort. Het humanisme ziet deze menselijke vrijheid als autonomie. Dat betekent weliswaar geen willekeur, maar in de humanistische autonome vrijheid is de mens alleen gebonden aan de wet van zijn eigen rede. Er is niets buiten hem, dat de autonome mens bindt. Hij ontwerpt zichzelf in de toekomst (Sartre)“.

(4) W.P. Berghuis, De begrenzing der overheidstaak in A.R. Staatskunde, 1949, p. lv.; J.D. Dengerink, Critisch-histories onderzoek naar de sociologische ontwikkeling van het beginsel der ‚s.‘ in de 19e en 20e eeuw, 1948; I.A. Diepenhorst, Chr. Politiek, 1958; A.M. Donner, Bijdrage tot de discussie over de staatstaak in Rechtsgeleerde opstellen (aangeboden aan H. Dooyeweerd), 1951; H. Dooyeweerd, De wijsbegeerte der wetsidee, Boek III, 1936; R. van Dijk, Mens en medemens, een inleiding tot de algemene sociologie; A. Kuyper, Het Calvinisme, 1874, asook sy Antirevolutionaire staatkunde, 1880; H. Henry Meeter, Calvinism, an interpretation of its basic ideas, Grand Rapids, e.a.

(5) Christelike Encyclopedie, Band VI, p. 540.

Word van hierdie soewereiniteitsbeginsel en Christelike vryheidsbeskouing uitgegaan, is dit duidelik dat die vertroulikheidsbeginsel nie slegs die staat geld nie, maar ook die reg op privaatheid van die individu ten grondslag lê. Dan word ook duidelik dat vryheid en vertroulikheid die fundamentele is waarop alle organisasies van mense berus: op grond daarvan kan die bestuur van 'n gewone vereniging waarvan die lidmaatskap onbeperk kan wees, op die erkenning van sy reg tot vertroulikheid aanspraak maak; kan 'n kerkraad daarop reken dat sy verrigtinge as vertroulik geëerbiedig sal word.

Op grond van hierdie beginsel is die vergaderings van alle direksies van maatskappye vertroulik, nie alleen vir sover dit mededingers betref nie, maar selfs ten opsigte van die aandeelhouders. Op die laagste vlak van die staat se bestuursmeganisme, bv. komitees wat ingevolge een of ander statuut gestig is, soos grondbewaringskomitees, word die vertroulikheidsbeginsel as feit aanvaar. Die werk van stadsrade en dergelike mindere bestuursliggame, die provinsiale administrasies en die staatsadministrasie self sou sonder die handhawing van die vertroulikheidsbeginsel heeltemal onmoontlik gewees het.

Vir die pers wat in sy eie interne organisasie, bv. ten opsigte van bestuur, sirkulasie, inkomste en uitgawe, 'n beleid van strenge geheimhouding volg, behoort geheimhouding of die handhawing van die vertroulikheidsbeginsel deur ander organisasies ipso facto geen aanstootlike verskynsel te wees nie: 'n mens eis immers nie vir jouself op wat jy andere misgun nie. Die „Europese Verdrag tot beskerming van die regte van die mens en die fundamentele vryhede“ maak trouens nie op onbegrensde persvryheid aanspraak nie. Art. 10 van hierdie verdrag bepaal bv.<sup>(6)</sup>: „1. Een ieder heeft recht op vryheid van meningsuiting. Dit reght omvat die vryheid een mening te koesteren en die vryheid om inligting= en of denkbeelden te ontvang of door te gee, sonder inmenging van overheids= wege en ongeacht grenze. Dit artikel belet nie dat Staten radio-omroep-, bios= coop- of televisie-ondernemingen kunnen onderwerpen aan een systeem van vergun= ningen.

„2. Daar de uitoefening van deze vryhede plichten en verantwoordelikhede met zich brengt, kan zij worden onderwerpen aan bepaalde formaliteite, voorwaar= den, beperkinge of sancties, welke bij de wet worden voorzien, en die in een de= mokratiese sameleving nodig zijn in het belang van 's lands veiligheid, territo= riale onschendbaarheid, openbare veiligheid, de beskerming van die openbare orde

(6) Schermers, H.G., Het Europese verdrag tot beskerming van die regte van die mens en die fundamentele vryhede, N.V. Uitgeversmij., Zwolle, 1964, kol. 43.

en het voorkomen van strafbare feiten, de beskerming van de gezondheid of de goede zeden, de beskerming van die goede naam of die regten van anderen, om die verspreiding van vertrouwelijke mededelingen te voorkomen of om het gezag en die onpartijdigheid van die rechterlijke magt te waarborgen".

Sommige moderne, op sensasie ingestelde, persorgane wil egter nie graag by beletsels berus nie: hulle wil graag vry wees om nuus en foto's te verkry waar en wanneer dit hulle pas,<sup>(7)</sup> of dit nou van Brigitte Bardot en Gunther Sachs is wat in egtelike genieting sowat naak by wyse van 'n sonbad ontspan<sup>(8)</sup> en of dit die droefenis van 'n weduwee en kinders by die graf van die vader en broodwinner is. Die voorsitter van die S.A. Akademie voel hom naderhand genoop om die pers te vra om met die „vervolging“<sup>(9)</sup> van die Akademie end te kry. Predikante word dikwels genader om 'n mededeling oor wat op 'n kerkraadsvergadering besluit is,<sup>(10)</sup> presies asof dit 'n algemeen aanvaarde reg van die openbare pers is om te wete te kom en openbaar te maak wat in die binnekring en agter die geslote deure van enige of alle private en openbare instellinge gebeur.

Sekere persorgane maak met ander woorde aanspraak op 'n vryheid ter verkryging van inligting en die openbaarmaking daarvan ten opsigte van die individu en samelewingsorgane waartoe die pers eenvoudig nie geregtig is nie, 'n aanspraak wat nêrens prinsipieel gesteun kan word nie, selfs nie onder die dikwels te wye dekmantel dat dit in die openbare belang is nie. Ook die pers moet aanvaar dat daar aan sy vryhede en regte, o.m. om nuus te vergaar en kommentaar te lewer, grense is, grense wat alleen ten koste van die individu, die samelewing of die staat oorskry kan word.

Die pers se historiese belangstelling vir openbare figure en owerheidspersone, regeerders en hul familieledes - waarvan Chrestus in Cicero se tyd reeds die bewys gelewer het - het hom van die vroegste tye af die misnoeë van regeerders op die hals gehaal en dikwels tot onderdrukking gelei. In hierdie verband skryf Siebert: „The Tudor policy of strict control over the press in the interest of the safety of the state was maintained throughout the sixteenth century. From Henry VIII to Elizabeth, the English sovereigns acted upon the principle that the peace of the realm demanded the suppression of all dissenting opinion and furthermore that the crown itself through its prerogative was the

(7) Daily Dispatch, 29 Aug. 1966: Behind the news.

(8) Die Beeld, 2 Julie 1967, p. 5.

(9) Rand Daily Mail, 3 Julie 1967, p. 2.

(10) Die Beeld, 2 Julie 1967, p. 3.

only instrument capable of carrying out such a program.”<sup>(11)</sup>

Kortom, ten einde sy eie belange te beskerm, het die staat en sy organe sedert die jaar vroeg 'n eie verweer ontwikkel teen wat dikwels van staatsweë as oordrewe en ongewenste belangstelling aan die kant van die pers beskou word. Hierdie verweer teen die pers het nie altyd positief onderdrukkende maatreëls teen die pers self meegebring nie, maar dikwels slegs 'n negatiewe weiering om mededeling aan die pers te doen. Hierdie onwilligheid van die staat en sy amptenare om alle gevraagde inligting aan die pers beskikbaar te stel, word in die moderne tyd administratiewe sensuur genoem. Dit kom daarop neer dat die staat, staatsdepartemente en ander staatsorgane bo en behalwe die statutêre voorskrifte in verband met geheimhouding ook interne reëlinge instel om daarteen te waak dat die beginsel van vertroulikheid deur òf die pers òf die eie amptenare geskend word.

### Ministers en Staatsdiens

Die Republiek se administratiewe gesagsverhouding op die hoogste vlak, soos dit deur die jare hoofsaaklik volgens Britse model ontwikkel het, is op 16 Oktober 1964 ten tye van die elfde jaarlikse konferensie van hoofde van departemente/administrasies in Pretoria deur sen. Jan de Klerk as Minister van Binnelandse Sake omskryf. Min. De Klerk het die Minister en die permanente departementshoof „vennote ter bereiking van 'n gesamentlike doelwit” genoem<sup>(12)</sup> en voorts klem gelê op die dubbele hoedanigheid waarin Ministers individueel en gesamentlik hul pligte uitvoer: aan die een kant as politieke skakels tussen die Regering en die kiesers, aan die ander kant as hoofde van die verskillende staatsdepartemente wat verantwoordelik is vir die uitvoering van die veelvuldige funksies wat aan die staat toevertrou is.

Hulle gesag om as hoofde van departemente op te tree, ontleen Ministers aan die Grondwet,<sup>(13)</sup> terwyl die formele grondslag vir die Kabinet se gesamentlike gesag eweneens in die Grondwet setel.<sup>(14)</sup> Hoewel die Ministers hul individuele en gesamentlike gesag aan die grondwet ontleen, bly die bron van hul mag wesenlik die politiek, aangesien sowel 'n Minister as die Kabinet hul gesag verloor sodra die kiesers wantroue in hulle uitspreek. Daaruit vloei voort, het die Minister gesê, dat, met inagneming van die grootte en omvang van departementele werksaam-

[11] Siebert, p. 25.

[12] De Klerk, J., manuskrip toespraak op 11e konferensie van hoofde van departemente/administrasies, 16 Okt. 1964, p. 2.

[13] Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, art. 20.

[14] Ibid, art. 17.

hede, die Minister nie persoonlik in administratiewe besonderhede betrokke kan raak sonder om sy essensiële politieke funksie te verwaarloos nie.<sup>(15)</sup> As hoof van 'n departement is die taak van 'n individuele Minister om die doelwitte wat sy eie departement nastreef, te bepaal, die breë beleid ter bereiking van dié doelwit neer te lê en sy eie begrip en sin van die dringendheid vir die bereiking van die doelwitte by amptenare in te skerp.

Amptenare het weliswaar as adviseurs van Ministers invloed op beleidvorming, maar dra die volle persoonlike verantwoordelikheid vir die dag-tot-dag-bestuur van departemente. „Dit mag nooit uit die oog verloor word nie dat senior staatsamptenare 'n konstitusionele rol in die regering van die land te vervul het. Dit is deur hulle dat oordrag van verantwoordelikheid van een regering na 'n ander, veral wanneer 'n ander party aan bewind kom, of binne dieselfde regering van een minister na 'n ander minister moontlik is.<sup>(16)</sup>

Hierdie arbeidsverdeling loop van bo tot onder deur die staatsdiens, provinsiale administrasies en munisipaliteite. In alle gevalle is dit die verkose volksverteenwoordigers wat beleid bepaal en amptenare wat beleid uitvoer.

Vir die pers is dit by die opsporing van nuus belangrik om hierdie arbeidsverdeling in ag te neem. Dit is Ministers, Administrateurs, L.U.K.s en burgemeesters (of voorsitters van bestuurskomitees) wat oor beleidsake nuusmededeling doen en kan doen, en departementshoofde (in die geval van stadsrade meesal die stadsklerk) wat administratiewe besonderhede kan verstrek.

Alle staatsdepartemente is nie ewe nuuswaardig nie. Oor bv. bosbou verskyn amper nooit 'n berig in 'n koerant nie. Aan die ander kant is departemente soos buitelandse sake, justisie, polisie, gevangenis, die spoorweë en (in die geval van die provinsiale administrasie) hospitale gedurig onder die soeklig van die pers, en wel omdat hierdie departemente midde in die nuusbranding staan. Juis om die nuusvloei uit sodanige departemente te orden, is in feitlik alle departemente stappe gedoen om nuusmededeling moontlik te maak en onregmatige nuusmededeling aan bande te lê, onder meer deur statutêre bepalinge wat die openbaarmaking van sekere nuus strafbaar maak, soos bv. by artt. 118 en 119 van die Verdedigingswet, terwyl interne regulasies die verkeer tussen amptenare en persmanne aan bande lê.

Afgesien van die staat se reg op geheimhouding, in die besonder in die openbare belang en ter versekering van die staatsveiligheid, is daar verskeie ander redes waarom van owerheidsweë min gesdrif bestaan vir 'n onbeperkte nuussoekery onder amptenare. Hierdie besware kan soos volg opgesom word:

(15) De Klerk, J., p. 4.

(16) Ibid, p. 5.

1. Korrekte feite kan voorbarig gepubliseer word, waardeur sommige mense (a) onregmatig bevoordeel word<sup>(17)</sup> of (b) o.m. die polisie in hul werk belemmer kan word,<sup>(18)</sup> m.a.w. die regspleging kan daardeur gestrem word. In die gevalle Heard en Van Rooyen het die optrede teen hierdie persmanne gegaan om die gepoogde vasstelling van vermeende lekkasies by staatsamp=tenare.
2. Swak ingeligte amptenare kan verkeerde feite aan die pers oordra.
3. Die interne dissipline kan ondermyn word indien ondergeskikte amptenare feite aan die pers openbaar wat hul meerderes as vertroulik beskou.
4. Dit kan tot korrupsie en omkoperij lei wanneer amptenare nuus aan koerante verkoop of wenke teen vergoeding oordra.
5. Loslippigheid onder amptenare word ook ontmoedig omdat dit die taak van vreemde agente grootliks vergemaklik om inligting te verkry oor aangeleent=hedes wat nadelig of gevaarlik vir die staat kan wees.<sup>(19)</sup> Die staat se aan=drang op die toepassing van die vertroulikheidsbeginsel spruit dus uit die strewe om die staat se regsgoedere te beveilig, waaronder die staatsveilige=heid.

Aangesien byna elke staatsdepartement sy eie interne reëlinge vir nuusmede=deling daarop nahou, is dit onmoontlik om dié reëlinge van alle departemente te bespreek. Vir die oogmerke van hierdie werk kan volstaan word met 'n saaklike be=spreking van die nuusreëlinge wat deur die Departement Inligting, die Departement Polisie en die Suid-Afrikaanse Spoorweë getref word - dié van die Departemente Verdediging en Gevangenisse is reeds behandel.

#### Die Departement Inligting

Sedert 1910 is in Suid-Afrika slegs een halfhartige poging aangewend om re=geringsnuus in vredestryd so nie te reglementeer nie, dan deur een kanaal na die openbare pers deur te stuur. In die jaarverslag van die Staatsinligtingskantoor van 1949 word in hierdie verband verklaar<sup>(20)</sup> dat genl. J.B.M. Hertzog, destydse Eerste Minister en Minister van Buitelandse Sake, die behoefte aan 'n kantoor vir die verspreiding van amptelike inligting in die laat dertiger jare sterk aange=voel het. Dit het gelei tot die stigting van die Inligtingsburo as deel van die

(17) Vergelyk die bespreking van die geval George Heard in 'n brief van Barber, Vernon A., in Sunday Times se tydskrifafdeling, 15/8/65.

(18) Vergelyk die bespreking in die geval J.J. van Rooyen, o.m. Die Beeld, 7 Mei 1967; The Star, 5 Mei 1967, p. 20.

(19) Vergelyk Wet 16 van 1956, art. 2 (c).

(20) Staatsinligtingskantoor, Jaarverslag 1949, p. 4.

Departement van die Eerste Minister.

Met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog is hierdie Buro in 1939 na die Departement Binnelandse Sake oorgeplaas. Die bedrywighede daarvan is aansienlik uitgebrei en dit het 'n kantoor vir oorlogspropaganda geword.<sup>(21)</sup>

Aan die einde van die oorlog het vier kommissies<sup>(22)</sup> die vredestrydse bruikbaarheid van die Inligtingsburo ondersoek. Die regering van veldm. Smuts het besluit om die verslag van die Smith-Burke-Hunter-kommissie te aanvaar, as gevolg waarvan die Inligtingsburo die Staatsinligtingskantoor geword het.<sup>(23)</sup> Die doelstelling van die Staatsinligtingskantoor is soos volg saamgevat: die koördinerings van die openbare dienste van die staat; die tref van reëlinge vir die publikasie van amptelike verklaringe; die beskikbaarstelling van inligting aan die land se inligtingskantore in die buiteland; hulpverlening aan staatsdepartemente met hul voorligtingsdienste; en die verstrekking van advies aan die Regering in verband met publisiteit.<sup>(24)</sup>

In 1948 het die Malan-regering besluit om die Staatsinligtingskantoor opnuut te reorganiseer, 'n taak wat in 1949 deurgevoer is.<sup>(25)</sup> 'n Direkteur, dr. J. H.O. du Plessis, is aangestel en die land se buitelandse inligtingsdienste is aan die Inligtingskantoor toevertrou.

Die Staatsinligtingskantoor is in 1961 tot volwaardige staatsdepartement verhef.<sup>(26)</sup> In die onderhawige Goewermentskennisgewing is die nuwe departement se funksies soos volg omskryf:

- (a) Die oornome van al die pligte en verantwoordelikhede wat tevore met betrekking tot die buiteland en binneland deur die Suid-Afrikaanse Inligtingsdiens behartig is;
- (b) Die uitvoering van al die funksies wat tevore deur die Inligtingsdiens van die Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling gevoer is, insluitende die verstrekking van inligting aan die Bantoe van die Republiek van Suid-Afrika en van die gebied Suidwes-Afrika, en van inligting oor hulle en hul ontwikkeling aan die inwoners van Suid-Afrika en van ander lande;

(21) Ibid.

(22) Die De Wet-Dunn-kommissie, 1944; verslag van die oorlogstrydse direkteur van inligting, mnr. A.N. Wilson, 1945; die verslag van die Smith-Burke-Hunter-kommissie, 1945; verslag van kommissie van ondersoek na die staatsdiens, 1948.

(23) Staatsinligtingskantoor, Jaarverslag p. 5.

(24) Ibid.

(25) Ibid.

(26) Goewermentskennisgewing 1142 van 1 Desember 1961.



- (c) Die voorsiening van 'n doeltreffende inligtingsdiens aan die Kleurling- en Indiërgemeenskappe in Suid-Afrika, en die verspreiding van gegewens oor hulle en hul ontwikkeling in die binneland en die buiteland;
- (d) Die koördinerings van alle publisytdienste van die staat;
- (e) Die verrigting van alle verdere dienste en die gebruikmaking van media wat nuttig mag wees om oral waar dit nodig of gewens is, juiste inligting te verstrek oor alle aspekte van die lewenswyse, werksaamhede en natuurlike hulpbronne van Suid-Afrika en Suidwes-Afrika; en
- (f) Die behartiging van ander funksies waarvoor daar van tyd tot tyd besluit mag word.

Die Departement Inligting was in die praktyk nooit verplig om alle of selfs die meeste inligting van staatsdepartemente te hanteer nie en talle staatsdepartemente, o.m. die Departement Landbou- en Tuinbou- en Voorligting en die Departement Onderwys, hou uitgebreide eie inligtingsdienste daarop na. Departemente wat deur statutêre bepalinge in verband met geheimhouding gerugsteun word, soos Verdediging<sup>(27)</sup> en Gevangeniswees,<sup>(28)</sup> het daarenteen presies geformuleerde regulasies in verband met die eie vrystelling van inligting,<sup>(29)</sup> soos reeds aange-  
toon.

Die omvang van die diens wat die Departement Inligting op 'n vrywillige grondslag aan die Suid-Afrikaanse pers lewer, blyk o.m. uit die volgende aanhalinge uit jaarsverslae. In die jaar 1961-62 is gemiddeld 50 toesprake en verkla-  
ringe per maand aan die pers beskikbaar gestel,<sup>(30)</sup> in die jaar 1964-65 is 441 persverklarings namens Ministers en staatsdepartemente vrygestel<sup>(31)</sup> en in die jaar 1965-66 altesame 544, waarvan 395 in Pretoria vrygestel is en 149 in Kaap-  
stad.<sup>(32)</sup>

In vreedestyd is die Departement Staatsinligting se bydrae tot die staats-  
veiligheid betreklik onopvallend en bestaan dit veral daarin dat inligting wat die aansien van die land in die buiteland kan verhoog, regstreeks en onregstreeks voorsien word, regstreeks aan buitelandse verteenwoordigers van state of die pers, radio en beeldradio, en onregstreeks aan die Republiek se diplomatieke, konsulêre en handelsverteenvoerders in die buiteland vir die instandhouding van plaaslike nuus- en inligtingsdienste. In oorlogstyd sal hierdie Departement egter, soos in

(27) Wet 44 van 1957, artt. 118 en 119.

(28) Wet 8 van 1959, art. 44.

(29) Vergelyk brief genl. Hiemstra in sake die Verdedigingswet.

(30) Jaarverslag 1961-62, p. 15.

(31) Jaarverslag 1964-65, p. 24.

(32) Jaarverslag 1965-66, p. 21.

die Tweede Wêreldoorlog, 'n rol van deurslaggewende betekenis moet speel: dit sal oorlogspropaganda moet hanteer en alle nodige sensuurmaatreëls in verband met die staatsveiligheid in stand moet hou.

### Polisienuus

Hoewel vergrype deur joernaliste met betrekking tot polisienuus veral in= gevolge art. 83 van die Strafproseswet bereg word, bestaan sedert jare 'n vaste geskrewe ooreenkoms tussen die Persunie van Suid-Afrika en die Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Polisie. Hierdie ooreenkoms reël die betrekkinge tussen in= dividuele joernaliste en die polisie met betrekking tot die verstrekking van nuus deur polisiebeamptes aan die pers. Hierdie ooreenkoms is in 1967 hersien en die nuwe ooreenkoms bepaal:

- (1) Onderstaande is die voorwaardes van 'n ooreenkoms wat tussen die Persunie van Suid-Afrika en die Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Polisie gesluit is -
  - (a) 'n Persidentiteitskaart waarop die foto van die houer verskyn met 'n re= liëfstempel daaroor aangebring, en wat deur die Kommissaris of Hoofad= junk-kommissaris onderteken is, verleen aan die houer van so 'n kaart die reg om 'n onderhoud te voer met die senior offisier in 'n bepaalde gebied, en/of offisier wat bedoelde senior permanent of tydelik vir dié doel be= noem, en ook om, wanneer nodig, telefonies met so 'n senior of ander of= fisier in verbinding te tree en van hom inligting te verkry wat openbaar gemaak kan word sonder dat -
    - (i) die bepalings van 'n wet oortree word;
    - (ii) die ondersoek van 'n besondere saak belemmer of die polisie in die uit= oefening van hulle pligte gestrem word;
    - (iii) 'n kwessie van bloot administratiewe aard, die onthulling waarvan geen goeie doel sou dien nie, aan die lig gebring word; en
    - (iv) daar op enige manier met die regspleging bemoei, ingemeng of minagting van die hof gepleeg word.

Wanneer bedoelde offisiere nie op kantoor is nie, moet die senior lid wat daar aan diens is, hulle name en telefoonnommers aan die verteenwoordiger van die pers wat daarom vra, verstrek, sodat die verlangde onderhoud gevoer kan word. Indien daar enige twyfel bestaan aangaande die identiteit van die persverteens= woordiger wat 'n oproep maak, moet die lid die betrokke nuusblad skakel.

- (b) Met inagneming van wetsbepalings verleen 'n persidentiteitskaart ook aan die houer daarvan die reg om vir doeleindes van sy professionele werk 'n gebied wat onder die beheer van die polisie is en waarvan die algemene publiek uitgesluit word, te betree en daarin te vertoef, tensy sy aan=

wesigheid daar die polisie in verband met hul ondersoek hinder of sal hinder.

Uitsluiting van die pers, veral fotografe, moet egter nie ligtelik deur die polisie gelas word nie.

- (c) Persidentiteitskaarte word uitgereik aan individuele joernaliste wat deur hul redakteur gekies en deur die Kommissaris goedgekeur word.

In verband met voorafgaande handel die polisie na goeie dog op 'n wyse wat bevorderlik vir goeie samewerking tussen die pers en die Departement is. Verder word verstaan en is ooreengekom dat -

- (i) waar daar nie 'n offisier op 'n polisiestasie in 'n landelike gebied gestasioneer is nie, die stasiebevelvoerder, indien nodig in oorleg met sy bevelvoerende offisier, inligting soos in hierdie ooreenkoms bedoel, aan die pers kan verstrek; en
  - (ii) 'n koerant die reg het om by 'n senior offisier appèl aan te teken teen die besluit van 'n plaaslike ondergeskikte offisier of 'n stasiebevelvoerder om inligting te weerhou soos in die ooreenkoms bedoel, of 'n verslaggewer van 'n misdad toneel uit te sluit of hom te verhoed om daar te vertoef.
- (d) Elkeen van die betrokke redakteurs onderneem om -
- (i) vir die uitreiking van 'n persidentiteitskaart slegs iemand te benoem wie se integriteit hy persoonlik bereid is om te waarborg;
  - (ii) voor publikasie daarvan, die senior offisier van die betrokke gebied of 'n offisier aangewys deur laasgenoemde, in kennis te stel aangaande inligting oor misdaad of staatsveiligheid wat onafhanklik van die polisie deur die koerant verkry is, ten einde so 'n offisier in staat te stel om van raad te dien oor die publikasie van die inligting waar so 'n publikasie die ondersoek van enige misdaad mag benadeel. Wanneer sodanige inligting betrekking het op buitengewoon ernstige misdaad of 'n saak rakende landsveiligheid of wanneer die publikasie daarvan die gereg mag dwarsboom, mag die Kommissaris, 'n Hoofadjunk-kommissaris of enige Adjunk-kommissaris spesiaal daartoe gemagtig deur die Kommissaris, of enige ander senior offisier wat ook spesiaal daartoe gemagtig is deur die Kommissaris, 'n Hoofadjunk-kommissaris of 'n Adjunk-kommissaris, enige redakteur versoek om nie sodanige inligting te publiseer nie of die publikasie daarvan te vertraag. Toestemming vir die publikasie van reeds goedgekeurde inligting deur 'n senior offisier verleen, mag ook deur die Kommissaris, 'n Hoofadjunk-kommissaris of enige genoemde Adjunk-kommissaris teruggetrek

word;

- (iii) niemand van sy personeel toe te laat om 'n lid van die Mag, behalwe 'n lid soos bedoel in hierdie ooreenkoms, te nader nie in verband met inligting wat ingevolge hierdie ooreenkoms verstrekkend kan word, maar om beskikbare inligting op gesag van 'n persidentiteitskaart te bekom van die offisier wat in bevel is van die bepaalde gebied, sy gevolmagtigde of die stasiebevelvoerder, indien die polisiestasie in 'n landelike gebied geleë is waar plaaslik nie 'n offisier gestasioneer is nie;
  - (iv) die noodsaaklikheid van samewerking, op vriendskaplike grondslag, tussen lede van sy personeel en die polisie te beklemtoon en te bevorder; en
  - (v) indien enige verklaring of kommentaar in 'n berig aan 'n lid van die Mag toegeskryf word en die naam van sodanige lid nie in die berig gemeld word nie, moet hy, indien die Kommissaris aldus versoek, die naam van die betrokke lid verstrekkend.
- (e) Uitreiking van 'n persidentiteitskaart word nie beskou of vertolk as 'n beperking wat gelê word op die publikasie van inligting wat die redakteur geskik ag om te publiseer nie.
  - (f) Die Kommissaris kan te eniger tyd 'n persidentiteitskaart intrek, met die voorbehoud dat die redakteur vooraf in kennis gestel word ten einde hom in staat te stel om, indien hy aldus verkies, verdoel tot die Kommissaris te rig.
- (2) Die voorwaardes van hierdie ooreenkoms moet stip, maar in 'n gees van weder= sydse samewerking nagekom word. Die polisie besef dat daar 'n plig op die pers rus om die publiek volledig, noukeurig en so spoedig moontlik van ge= beurtenisse wat nuuswaarde het, in te lig, en die pers besef dat, in die uitvoering van sy taak, die regsbedeling nie benadeel, en die polisie se ondersoek nie gestrem mag word nie.
- (3) Afgesien van persverteenvoerders aan wie wel persidentiteitskaarte uit= gereik is, kan 'n stasiebevelvoerder of senior diensdoende lid inligting in verband met ongelukke en brande verstrekkend aan erkende verteenvoerders van koerante wat lede van die Persunie van Suid-Afrika is, hetsy sodanige ver= teenvoerders persidentiteitskaarte besit al dan nie. Inligting van die aard kan die naam (mits naasbestaendes reeds in kennis gestel is), die ou= derdom, adres en beroep, indien beskikbaar, van die oorledene of beseerde, sowel as die tyd en plek van voorval, insluit, maar geen verdere kommentaar moet gelewer word nie.
- (4) Alle bevelvoerende offisiere is gemagtig om inligting soos bedoel in die

persooreenkoms, aan die pers te verstrek.

- (5) Ten opsigte van plattelandse dorpe waar daar verteenwoordigers van koerante is wat wel lede van die Persunie van Suid-Afrika is, maar aan wie nie persidentiteitskaarte uitgereik is nie, moet die redakteur van die betrokke koerant die name van die verteenwoordigers aan die distrikskommandant verstrek sodat hy die betrokke stasiebevelvoerders in kennis kan stel.
- (6) Persidentiteitskaarte op die voorgeskrewe vorm word ook aan gekeurde verteenwoordigers van koerante wat nie lede van die Persunie van Suid-Afrika is nie, en nie-blanke koerante uitgereik. Sulke kaarte verleen aan die houters daarvan ook die reg om inligting te bekom wat deur hierdie ooreenkoms bedoel word.
- (7) Optrede wat op 'n skending van hierdie ooreenkoms neerkom, hetsy deur 'n polisiebeampte of 'n verteenwoordiger van die pers, moet onmiddellik, skriftelik en volledig aan Polisiehoofkantoor gerapporteer word.
- (8) Vir die doeleindes van paragraaf (1)(d)(ii) word alle Hoofadjunk-kommissarisse, afdelings-kommissarisse en afdelingspeuroffisiere spesiaal daartoe gemagtig om enige redakteur te versoek om nie bedoelde inligting te publiseer nie of die publikasie daarvan te vertraag.

Hoewel die nuwe ooreenkoms nie minder nie as twintig wysiginge van die vorige ooreenkoms bevat, het dit die taak van die pers om polisienuus te verkry, nie noemenswaardig bemoeilik nie. Merendeels is die bepalinge van die ou ooreenkoms beter bewoord. Oor die polisie-aandrag dat nuus slegs van daartoe gemagtigde offisiere (behalwe op kleiner plattelandse dorpe) verkry moet word, is daar egter geen twyfel nie: die eis word sterker as voorheen beklemtoon. In hierdie sin is die tendens duidelik: die polisie sal by die nie-nakoming van die ooreenkoms ongetwyfeld net so ingrypend optree as in Mei en Junie 1967.

Omdat die Suid-Afrikaanse Polisie die land se eerste verdedigingslinie in gevalle van binnelandse en buitelandse bedreiginge uitmaak, is dit in die hoogste mate wenslik dat die verhoudinge tussen die polisie en die pers so min as moontlik vertroebel word. Die woorde wat mnr. P.W. Botha in sy tweedeleesings-toespraak oor die Verdedigingswet van 1967 gebruik het, nl. dat dit dwaas sal wees om die pers nie op elke moontlike wyse in te span om daardeur die beste voordeel vir die Weermag uit hul publisiteit te haal nie, <sup>(33)</sup>geld die Suid-Afrikaanse Polisie in dieselfde mate.

(33) Hansard, 1967, kol. 7414.

## Spoorwegnuus

Blykens 'n mededeling<sup>(34)</sup> van mnr. J.A. Kruger, Adjunk-hoofbestuurder van die Suid-Afrikaanse Spoorweë, word in die spoorwegdiens wel 'n bepaalde gedragslyn met betrekking tot nuusverskaffing aan die pers gevolg, maar bestaan daar geen geskrewe regulasies wat die verhouding tussen die Spoorweë en die pers presies omskryf nie. In oorlogstyd kan artt. 102 en 108 van die Verdedigingswet ook op die Spoorweë of sekere spoorwegdienste van toepassing gemaak word, maar in vrede tyd hanteer die persskakelafdeling in die Spoorweghoofk~~antoor~~ Spoorwegnuus en dien dit as kanaal tussen die pers en die Spoorwegbestuur.

Die persskakelafdeling reik amptelike persverklarings namens die Hoofbestuurder uit en verstrek ook op aanvraag feitelike inligting aan die pers. Inligting of verklarings wat beleid raak, mag egter slegs deur of met die goedkeuring van die Hoofbestuurder verstrek word, mits sodanige beleidsverklarings nie deur die Minister persoonlik uitgereik word nie.

Die pers het egter ook toegang tot die Spoorweghoofbestuur oor belangrike aangeleenthede en afsprake kan deur middel van die persskakelafdeling of regstreeks gereël word.

Afdelingsbestuurders en departementshoofde kan op eie inisiatief of op aanvraag nuus of feitelike inligting aan die pers verstrek oor sake van plaaslike belang wat binne hul bestek val. Verklarings of inligting oor sake wat die Administrasie se beleid raak, mag egter nie sonder die Hoofbestuurder se goedkeuring vrygestel word nie.

Waar feitelike inligting deur die pers verlang word oor sake soos ongelukke, vertragings, ens. word 'n senior amptenaar in die bedryfskantoor van elke Spoorwegafdeling gemagtig om sodanige inligting aan die pers te verstrek. Die name en telefoonnommers van die betrokke amptenare word van tyd tot tyd aan die pers verstrek.

In gevalle waar persmanne bv. inligting verlang op die toneel van 'n ongeluk, kan dit verkry word van die bedryfsamptenaar in bevel van die opruimingswerk. Ook in sulke gevalle mag net feitelike inligting verstrek word en geen menings uitgespreek word oor bv. die moontlike oorsake van 'n ongeluk nie, aangesien hierdie aspekte eers deeglik ondersoek word deur rade wat spesiaal vir die doel saamgestel word. Aan persfotograwe kan ook toestemming verleen word om foto's by 'n ongelukstoneel te neem, mits opruimingswerk nie daardeur belemmer of die veiligheid van die persfotograwe in gevaar gestel word nie.

Anders as die Weermag of Polisie beskik die Spoorweë nie oor statutêre magte om op te tree teen joernaliste wat hulle nie by die Spoorweë se nuusbeleid wil neerlê nie.

(34) Brief gedateer 18 Mei 1967.